Uniform.—Op 'n donkerblou agtergrond en met tussenruimtes van 2½ duim 'n reeks vertikale goud, donkergroen en goud strepe elke ⅛ duim breed.

Das.—Op 'n donkerblou agtergrond en met tussenruimtes van 3 duim diagonale goud, donkergroen en goud strepe elke ⅛ duim breed.

Wapen.—Op 'n donkerblou agtergrond 'n skild omlyn in goud en in twee verdeel deur 'n diagonale balk in goud. In die boonste en onderste gedeeltes verskyn onderskeidelik afbeeldende voorstellings van 'n gevleulde fakkel in goud en die *Dromedaris* in goud met Tafelberg in die agtergrond in groen. Bo die skild is 'n voorstelling van die Magaliesberge in goud en op die groen veld daar voor verskyn die woord „ Rustenburg " in donkerblou letters.

Op 'n lint in goud onder die wapen verskyn die leuse „ Omnia Vincit Labor " in donkerblou letters.

No. 953.] [14th June 1957.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—KRUGERSDORP MUNICIPAL EMPLOYEES' SPORTS CLUB.

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Secretary of the abovementioned association has applied for the registration of the name and badge of the association. Any person affected or likely to be affected and who desires to raise objections to the application, may do so within three months of the date of publication of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name.—Krugersdorp Municipal Employees' Sports Club.

Badge.—On a green shield bordered gold, two pairs of equidistant bars in gold running from dexter chief to sinister base superimposed by the Krugersdorp Municipal Coat of Arms.

Below the shield on a green scroll appear in gold the letters " K.M.S.C.—K.M.S.K.".

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 933.] [28 June 1957.

DEMARCATION OF SUB-RESERVE (*b*) (1), PORTION OF WEMMERSHOEK OUTSPAN, OF RESERVE No. II, FRANSCH HOEK FOREST RESERVE, DIVISION OF PAARL, CAPE PROVINCE.

The requirements of the law as set forth in section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, having been complied with in regard to the proposed demarcation of the undermentioned area situated in the Division of Paarl, Cape Province, and previously referred to in Government Notice No. 1337, dated 27th July, 1956, it is notified for general information that under the powers in him vested by the said section of the said Act, the Minister of Forestry hereby declares the area in question to be demarcated forest.

SCHEDULE.

Reserve No.	Name of Reserve.	Extent.	
		Morgen.	Square Roods.
II	Fransch Hoek Forest Reserve: Subreserve (*b*) (1), Portion of Wemmershoek Outspan.....	31	240

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 935.] [28 June 1957.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE CHEMICAL INDUSTRY (CAPE).

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend to the 3rd July, 1958, the periods referred to in Government Notice No. 1372 of the 1st July, 1955, as extended by Government Notice No. 1152 of the 29th June, 1956.

P. O. SAUER,
Acting Minister of Labour.

No. 953.] [14 Junie 1957.

AANSOEK OM REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—KRUGERSDORP MUNICIPAL EMPLOYEES' SPORTS CLUB.

Hierby word ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van bogenoemde vereniging aansoek gedoen het om die registrasie van die vereniging se naam en wapen. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Naam.—Krugersdorp Municipal Employees' Sports Club.

Wapen.—Op 'n groen skild met goud omsoom, twee paar ewewydige balke in goud wat loop van skildhoof regs na eindpunt links, met die Krugersdorpse munisipale wapen bo-op.

Onder die skild is daar 'n groen rol met die letters „K.M.S.C.—K.M.S.K." in goud daarop.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU

No. 933.] [28 Junie 1957.

DEMARKASIE VAN SUBRESERWE (*b*) (1), GEDEELTE VAN WEMMERSHOEK-UITSPANNING, VAN RESERWE No. II, FRANSCHOEK-BOSRESERWE, AFDELING PAARL, KAAPPROVINSIE.

Nademaal aan die vereistes van die Wet, soos vervat in artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, voldoen is in verband met die voorgenome demarkasie van ondergenoemde bosgrond, geleë in die afdeling Paarl, Kaapprovinsie, en voorheen genoem in Goewermentskennisgewing No. 1337 van 27 Julie 1956, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bosbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by genoemde artikel van gemelde Wet, hierby die betrokke gebied tot gedemarkeerde bos verklaar.

BYLAE.

Reserwe No.	Naam van Reserwe.	Grootte.	
		Morg.	Vierkante roede.
II	Franschhoek-bosreserwe: Subreserwe (*b*) (1), Gedeelte van Wemmershoek-uitspanning.....	31	240

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 935.] [28 Junie 1957.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE CHEMIKALIEË-NYWERHEID (KAAP).

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 3 Julie 1958, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1372 van 1 Julie 1955 soos verleng by Goewermentskennisgewing No. 1152 van 29 Junie 1956.

P. O. SAUER,
Waarnemende Minister van Arbeid.

No. 939.] [28 June 1957.

NATIVE BUILDING WORKERS ACT, 1951.

NOTIFICATION OF APPOINTMENT OF MEMBER AND ALTERNATE ON THE NATIVE BUILDING WORKERS ADVISORY BOARD.

It is hereby notified in terms of sub-section (6) of section *two* of the Native Building Workers Act, 1951 (Act No. 27 of 1951), that the Honourable the Minister of Labour has appointed the undermentioned member and alternate in terms of section *two* of the Act to serve on the Native Building Workers' Advisory Board for a period ending 31st May, 1958.

Member.	*Alternate.*
Mr. L. Dubb.	Mr. R. L. de Lange.

No. 950.] [28 June 1957.

APPRENTICESHIP ACT No. 37 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

MINES APPRENTICESHIP COMMITTEE.

DEDESIGNATION AND DESIGNATION OF TRADES AND WITHDRAWAL AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

The following correction to Government Notice No. 846 of the 14th June, 1957, is published for general information:—

In the English version.

Clause 5 (*c*).—Substitute the word "two" for the word "ten" in the third line.

No. 958.] [28 June 1957.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE CLOTHING INDUSTRY, TRANSVAAL.

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend to the 30th September, 1957, the period referred to in Government Notice No. 2360 of the 21st December, 1956.

P. O. SAUER,
Acting Minister of Labour.

No. 959.] [28 June 1957.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE CHEMICAL INDUSTRY (WITWATERSRAND AND PRETORIA).

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend to the 28th February, 1958, the period referred to in Government Notice No. 1915 of the 23rd September, 1955.

P. O. SAUER,
Acting Minister of Labour.

No. 939.] [28 Junie 1957.

WET OP NATURELLEBOUWERKERS, 1951.

KENNISGEWING VAN AANSTELLING VAN LID EN PLAASVERVANGER IN DIE ADVISERENDE RAAD VIR NATURELLEBOUWERKERS.

Kragtens subartikel (6) van artikel *twee* van die Wet op Naturellebouwerkers, 1951 (Wet No. 27 van 1951), word hierby bekendgemaak dat sy Edele die Minister van Arbeid ondergenoemde lid en plaasvervanger kragtens artikel *twee* van die Wet aangestel het om te dien in die Adviserende Raad vir Naturellebouwerkers vir 'n tydperk wat eindig op 31 Mei 1958.

Lid.	*Plaasvervanger.*
Mnr. L. Dubb.	Mnr. R. L. de Lange.

No. 950.] [28 Junie 1957.

WET OP VAKLEERLINGE No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

KOMITEE VIR VAKLEERLINGSKAP IN DIE MYNNYWERHEID.

INTREKKING EN AANWYSING VAN AMBAGTE EN INTREKKING EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Die volgende verbetering ten opsigte van Goewermentskennisgewing No. 846 van 14 Junie 1957 word vir algemene inligting gepubliseer:—

In die Engelse teks.

Klousule 5 (*c*).—Vervang die woord „ten" in die derde reël deur die woord „two".

No. 958.] [28 Junie 1957.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VAN DIE KLERASIENYWERHEID, TRANSVAAL.

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 30 September 1957, die tydperk vermeld in Goewermentskennisgewing No. 2360 van 21 Desember 1956.

P. O. SAUER,
Waarnemende Minister van Arbeid.

No. 959.] [28 Junie 1957.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE CHEMIKALIEËNYWERHEID (WITWATERSRAND EN PRETORIA).

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 28 Februarie 1958, die tydperk vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1915 van 23 September 1956.

P. O. SAUER,
Waarnemende Minister van Arbeid.

No. 966.] [28 June 1957.

WAGE ACT, No. 44 OF 1937.

MILLING INDUSTRY.—UNION OF SOUTH AFRICA.

By direction of the Acting Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation, are hereby, in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *fifteen* of the Wage Act, 1937, invited to lodge such objections in writing with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within thirty days after publication of this notice.

(NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Johannesburg, Pretoria, Durban, East London, Port Elizabeth, George, Cape Town, Kimberley and Bloemfontein.

Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY THE WAGE BOARD.

MILLING INDUSTRY.—UNION OF SOUTH AFRICA.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply to all employees, other than managers, engaged in the Milling Industry in the Union of South Africa and to the employers of such employees.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the contrary intention appears, any expression used in this Determination which is defined in the Wage Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"Area A" means the Magisterial Districts of Bellville (except that portion which falls within the radius of five miles from the post office of Philadelphia), the Cape, Port Elizabeth, Simonstown and Wynberg;

"Area B" means the Magisterial District of Johannesburg;

"Area C" means the Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Durban, East London, Germiston, Kempton Park, Malmesbury, Paarl, Pietermaritzburg, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Krugersdorp (except that portion falling outside the area within the radius of ten miles from the general post office of Krugersdorp) and Nigel (except the Health Board Area of Devon);

"Area D" means the Magisterial Districts of Bloemfontein, Inanda, Kimberley, Pinetown, Somerset West, Stellenbosch, Wellington and Worcester;

"Area E" means the Magisterial Districts of Bethlehem, Bronkhorstspruit, Delmas, Klerksdorp, Kroonstad, Oberholzer, Odendaalsrus, Uitenhage, Welkom and Witbank and that portion of the Magisterial District of Bellville which falls within the radius of five miles from the post office of Philadelphia;

"Area F" means the Magisterial Districts of Beaufort West, Caledon, Ceres, George, Knysna, Montagu, Mossel Bay, Oudtshoorn, Potchefstroom, Riversdale, Robertson and Swellendam and the municipal area of Upington;

"Area G" means the Magisterial Districts of Aliwal North, Brits, Cradock, De Aar, Graaff-Reinet, Albany, Harrismith, Heidelberg (Transvaal), King William's Town, Middelburg (Cape Province), Parys, Queenstown, Somerset East, Standerton and Volksrust, the Health Board Area of Devon and that portion of the Magisterial District of Krugersdorp falling outside the radius of ten miles from the General Post Office at Krugersdorp;

"Area H" means the Magisterial Districts of Barberton, Bethal, Albert, Ermelo, Estcourt, Ficksburg, Kuruman, Ladybrand, Klip River, Lichtenburg, Lydenburg, Middelburg (Transvaal), Nelspruit, Pietersburg, Rustenburg, Senekal and Vryburg;

"Area I" means the Magisterial Districts of Dundee, Mafeking, Newcastle, Umtata, Vryheid and Zastron;

"Area J" means the areas not mentioned in the definitions "Area A", "Area B", "Area C", "Area D", "Area E", "Area F", "Area G", "Area H", or "Area I";

No. 966.] [28 Junie 1957.

LOONWET, No. 44 VAN 1937.

MAALNYWERHEID.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

In opdrag van die Waarnemende Minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Loonwet, 1937, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne dertig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat betrekking het op hierdie aanbeveling is vir insae beskikbaar by alle kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Arbeid, Johannesburg, Pretoria, Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth, George, Kaapstad, Kimberley en Bloemfontein.

Persone wat besware indien, uitgesonderd in manuskripvorm, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING DEUR DIE LOONRAAD AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID.

MAALNYWERHEID.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

1. GEBIED EN BESTEK VAN VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers, uitgesonderd bestuurders, in die Maalnywerheid, Unie van Suid-Afrika, en op die werkgewers van sulke werknemers.

2. WOORDOMSKRYWINGS.

(1) Tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, het alle uitdrukkings wat in hierdie Vasstelling gebesig word en wat in die Loonwet, 1937, omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy strydig met die samehang, beteken—

„Gebied A", die magistraatsdistrikte Bellville (uitgesonderd daardie gedeelte wat binne 'n omtrek van vyf myl vanaf die Poskantoor van Philadelphia val), die Kaap, Port Elizabeth, Simonstad en Wynberg;

„Gebied B", die magistraatsdistrik Johannesburg;

„Gebied C", die magistraatsdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Durban, Oos-Londen, Germiston, Kempton Park, Malmesbury, Paarl, Pietermaritzburg, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Krugersdorp (uitgesonderd dié gedeelte wat buite die gebied binne 'n omtrek van tien myl vanaf die Hoofposkantoor, Krugersdorp, val) en Nigel (uitgesonderd die gebied van die Gesondheidsraad van Devon);

„Gebied D", die magistraatsdistrikte Bloemfontein, Inanda, Kimberley, Pinetown, Somerset-Wes, Stellenbosch, Wellington en Worcester;

„Gebied E", die magistraatsdistrikte Bethlehem, Bronkhorstspruit, Delmas, Klerksdorp, Kroonstad, Oberholzer, Odendaalsrus, Uitenhage, Welkom en Witbank en dié gedeelte van die magistraatsdistrik Belville wat binne 'n omtrek van vyf myl vanaf die Poskantoor van Philadelphia val;

„Gebied F", die magistraatsdistrikte Beaufort-Wes, Caledon, Ceres, George, Knysna, Montagu, Mosselbaai, Oudtshoorn, Potchefstroom, Riversdal, Robertson en Swellendam en die munisipale gebied van Upington;

„Gebied G", die magistraatsdistrikte Aliwal-Noord, Brits, Cradock, De Aar, Graaff-Reinet, Albanie, Harrismith, Heidelberg (Transvaal), King William's Town, Middelburg (Kaapprovinsie), Parys, Queenstown, Somerset-Oos, Standerton en Volksrust, die gebied van die Gesondheidsraad van Devon en dié gedeelte van die magistraatsdistrik Krugersdorp wat buitekant 'n omtrek van tien myl vanaf die Krugersdorpse Hoofposkantoor val;

„Gebied H", die magistraatsdistrikte Barberton, Bethal, Albert, Ermelo, Estcourt, Ficksburg, Kuruman, Ladybrand, Kliprivier, Lichtenburg, Lydenburg, Middelburg (Transvaal), Nelspruit, Pietersburg, Rustenburg, Senekal en Vryburg;

„Gebied I", die magistraatsdistrikte Dundee, Mafeking, Newcastle, Umtata, Vryheid en Zastron;

„Gebied J", die gebiede wat nie in die volgende woordomskrywings genoem word nie: „Gebied A", „Gebied B", „Gebied C", „Gebied D", „Gebied E", „Gebied F", „Gebied G", „Gebied H", of „Gebied I";

"artisan" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan and for the purpose of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section *six* of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section *two* (7) or section *seven* (3) of the said Act: Provided that for the purposes of this definition the expression "trade" shall not include the "Milling Trade" or the "Maize Milling Trade";

"batch mixer" means an employee who, under supervision of a shift miller, storeman-grader or a storeman, is responsible for preparing a batch according to a prescribed recipe, weighing the ingredients thereof and keeping a record of the production and who may supervise chargehands and labourers and start and stop machinery;

"batch mixer, qualified," means a batch mixer who has had not less than six months' experience;

"batch mixer, unqualified," means a batch mixer who has had less than six months' experience;

"boiler attendant" means an employee who, under general supervision, is responsible for maintaining the water level and steam pressure of a boiler and who may make, maintain and draw the fire in such boiler;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"chargehand" means an employee who, under the supervision of a shift miller, screensman, storeman, storeman-grader, siloman, siloman-grader or a batch mixer, is in charge of a group of labourers and who may lime-wash internal walls of an establishment;

"chauffeur" means an employee, other than a traveller's driver, who is engaged in driving a motor vehicle intended to carry passengers and used for the conveyance of his employer or of staff, clients or visitors and which may be used for the conveyance of documents or parcels;

"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing, filing or in any other form of clerical work and includes a cashier and a telephone operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's duties;

"clerical employee, female, qualified," means a female clerical employee who has had not less than four years' experience;

"clerical employee, female, unqualified," means a female clerical employee who has had less than four years' experience;

"clerical employee, male, qualified," means a male clerical employee who has had not less than five years' experience;

"clerical employee, male, unqualified," means a male clerical employee who has had less than five years' experience;

"commission work" means any system under which a traveller's remuneration is based on the value or number or orders submitted by him to, and accepted by, his employer;

"District A" means the Magisterial Districts of Bellville (except that portion which falls within the radius of five miles from the post office of Philadelphia), Benoni, Boksburg, Brakpan, the Cape, Durban, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Nigel (except that portion falling within the Health Board Area of Devon), Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Simonstown, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging and Wynberg and that portion of the Magisterial District of Krugersdorp falling within the radius of ten miles from the general post office of Krugersdorp;

"District B" means the Magisterial Districts of Bethal, Bloemfontein, Brits, Bronkhorstspruit, Delmas, East London, Kroonstad, Krugersdorp (except that portion falling within District A), Klip River, Malmesbury, Newcastle, Oberholzer, Odendaalsrus, Paarl, Pietermaritzburg, Pietersburg, Rustenburg, Standerton, Welkom, Uitenhage and Witbank, and the Health Board Area of Devon;

"District C" means the Magisterial Districts of Aliwal North, Bellville (except that portion falling within District A), Bethlehem, Albert, Clocolan, Cradock, Dundee, Ermelo, Estcourt, Ficksburg, Frankfort, Harrismith, Heilbron, King William's Town, Ladybrand, Lichtenburg, Lindley, Lydenburg, Mafeking, Middelburg (Transvaal), Molteno, Mossel Bay, Nelspruit, Oudtshoorn, Parys, Port Shepstone, Queenstown, Senekal, Thaba'Nchu, Theunissen, Ventersburg, Ventersdorp, Volksrust, Vrede, Vryburg, Wepener, Winburg, Worcester and Marico and the municipal area of Upington;

"District D" means all the areas not mentioned in the definitions "District A", "District B" or "District C";

"driver of a motor vehicle" means an employee, other than a chauffeur or a traveller's driver, who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

„vakman", 'n werknemer wat werk verrig wat gewoonlik deur 'n geskoolde vakman gedoen word, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking „geskoolde vakman" 'n persoon wat sy vakleerlingskap in 'n bedryf gedien het wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of beskou word dat dit aangewys is, of wat in besit is van 'n sertifikaat van bekwaamheid deur die Registrateur van Vakleerlinge aan hom uitgereik ingevolge artikel *ses* van die Wet op Opleiding van Vakmanne, 1951, of 'n sertifikaat deur genoemde registrateur aan hom uitgereik ingevolge òf artikel *twee* (7) òf artikel *sewe* (3) van genoemde Wet: Met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie woordomskrywing, die uitdrukking „bedryf" nie die „Maalbedryf" of die „Mieliemaalbedryf" omvat nie;

„bakselmenger", 'n werknemer wat onder toesig van 'n skofmeulenaar, 'n stoormangradeerder of stoorman verantwoordelik is vir die bereiding van 'n baksel ooreenkomstig 'n voorgeskrewe resep, die bestanddele daarvan afweeg, aantekening hou van die opbrengs en oor onderbase en arbeiders toesig kan hou en wat masjinerie aan die gang kan sit of tot stilstand bring;

„bakselmenger, gekwalifiseer," 'n bakselmenger met minstens ses maande ervaring;

„bakselmenger, ongekwalifiseer," 'n bakselmenger met minder as ses maande ervaring;

„ketelbediener", 'n werknemer wat onder algemene toesig verantwoordelik is vir die op peil hou van die waterstand en stoomdruk in 'n stoomketel en wat die vuur in so 'n stoomketel kan maak, in stand hou en uittrek;

„los werknemer", 'n werknemer wat hoogstens drie dae in enige week by dieselfde werkgewer in diens is;

„onderbaas", 'n werknemer wat onder toesig van 'n skofmeulenaar, 'n sifwerker, 'n stoorman, 'n stoormangradeerder, 'n silowerker, silowerkergradeerder of 'n bakselmenger, oor 'n groep arbeiders toesig hou en wat die binnemure van 'n bedryfsinrigting kan witkalk;

„chauffeur", 'n werknemer, uitgesonderd 'n handelsreisiger se bestuurder, wat 'n motorvoertuig bedoel vir die vervoer van passasiers bestuur, en wat gebruik word vir die vervoer van sy werkgewer of van personeel, klante of besoekers en wat gebruik kan word vir die vervoer van stukke of pakkette;

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryf-, tik-, liasseer- of enige ander vorm van klerklike werk verrig en omvat 'n kassier en 'n telefoonoperateur, maar omvat geen ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, afgesien van die feit dat klerklike werk 'n deel van so 'n werknemer se pligte kan uitmaak;

„klerklike werknemer, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minstens vier jaar ervaring;

„klerklike werknemer, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minder as vier jaar ervaring;

„klerklike werknemer, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minstens vyf jaar ervaring;

„klerklike werknemer, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minder as vyf jaar ervaring;

„kommissiewerk", enige stelsel waarkragtens 'n handelsreisiger se besoldiging gebaseer is op die waarde van of die getal bestellings wat deur hom by sy werkgewer ingedien word en deur laasgenoemde aangeneem word;

„Distrik A", die magistraatsdistrikte Belville (uitgesonderd dié gedeelte wat binne 'n omtrek van vyf myl vanaf die Poskantoor van Philadelphia val), Benoni, Boksburg, Brakpan, die Kaap, Durban, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Kemptonpark, Klerksdorp, Nigel (uitgesonderd dié gedeelte wat binne die gebied van die Gesondheidsraad van Devon val), Port Elizabeth, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Simonstad, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging en Wynberg en dié gedeelte van die magistraatsdistrik Krugersdorp wat binne 'n omtrek van tien myl vanaf die Krugersdorpse Hoofposkantoor val;

„Distrik B", die magistraatsdistrikte Bethal, Bloemfontein, Brits, Bronkhorstspruit, Delmas, Oos-Londen, Kroonstad, Krugersdorp (uitgesonderd dié gedeelte wat binne Distrik A val), Kliprivier, Malmesbury, Newcastle, Oberholzer, Odendaalsrus, Paarl, Pietermaritzburg, Pietersburg, Rustenburg, Standerton, Welkom, Uitenhage en Witbank en die gebied van die Gesondheidsraad van Devon;

„Distrik C", die magistraatsdistrikte Aliwal-Noord, Bellville (uitgesonderd dié gedeelte wat binne Distrik A val), Bethlehem, Albert, Clocolan, Cradock, Dundee, Ermelo, Estcourt, Ficksburg, Frankfort, Harrismith, Heilbron, King William's Town, Ladybrand, Lichtenburg, Lindley, Lydenburg, Mafeking, Middelburg (Transvaal), Molteno, Mosselbaai, Nelspruit, Oudtshoorn, Parys, Port Shepstone, Queenstown, Senekal, Thaba Nchu, Theunissen, Ventersburg, Ventersdorp, Volksrust, Vrede, Vryburg, Wepener, Winburg, Worcester en Marico en die munisipale gebied van Upington;

„Distrik D", alle gebiede wat nie in die omskrywing van „Distrik A", „Distrik B" of „Distrik C" genoem is nie;

„motorvoertuigbestuurder", 'n werknemer, uitgesonderd 'n chauffeur of 'n handelsreisiger se bestuurder, wat 'n motorvoertuig bestuur, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking „'n motorvoertuig bestuur" alle tydperke waarin daar bestuur word en enige tyd wat die bestuurder bestee aan werk in verband met die voertuig of vrag en alle tydperke waarin hy verplig is om op sy pos te bly in gereedheid om te bestuur;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen causes such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence or theft, must be done without delay and includes work connected with the loading and unloading of trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours and work connected with the loading or unloading of ships;

"engine driver" means an employee who starts, stops and tends a stationary steam engine, is responsible for maintaining the water level and steam pressure in the boiler of such engine, makes minor repairs and adjustments to such engine and who may supervise engine room attendants and labourers;

"engine room attendant" means an employee, other than a shift miller's assistant or a screensroom attendant, who, under the supervision of an engine driver or a competent person appointed in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, is responsible for maintaining the oil levels in an engine, oiling, greasing and cleaning such engine and who may ship and unship belts;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Milling Industry;

"experience" means—

(*a*) in relation to a clerical employee, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerical employee irrespective of the trade in which such employment was had;

(*b*) in relation to a batch mixer, factory clerk, laboratory assistant, screensman, shift miller, storeman or a traveller, the total period or periods of employment which an employee has had in the Milling Industry as a batch mixer, factory clerk, laboratory assistant, screensman, shift miller, storeman or a traveller, respectively;

"factory clerk" means an employee, other than a batch mixer, who, under the supervision of a shift miller, storeman-grader, qualified storeman or a qualified male clerical employee, is engaged in any one or more of the following activities or duties:—

(*a*) Counting, checking, measuring (other than repetitive measuring to a set gauge) or recording;
(*b*) interpreting or translating Native languages;
(*c*) issueing passes;
(*d*) stamping tickets;
(*e*) sorting or filing time cards;
(*f*) copying in manuscript factory documents or letters;
(*g*) making moisture tests;

"factory clerk, qualified," means a factory clerk who has had not less than six months' experience;

"factory clerk, unqualified," means a factory clerk who has had less than six months' experience;

"female labourer" means a female employee engaged in any one or more of the following activities or duties:—

(*a*) Closing filled bags by hand;
(*b*) mending bags by hand;
(*c*) packing articles of uniform size and number into containers specially made to contain them, where the weight of such containers when filled does not exceed eleven pounds each;
(*d*) sorting or shaking out bags;
(*e*) sweeping malt yards;
(*f*) teasing kaffir corn;

"grain grader's certificate" means a certificate granted by an agricultural college and countersigned by or on behalf of the Secretary for Agriculture or a certificate issued by a Faculty of Agriculture from any of the recognised universities in the Union of South Africa certifying that the holder thereof is qualified and competent to grade grain;

"incentive rates work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity or output of work done;

"laboratory assistant" means an employee who is engaged in making routine tests of cereals, including the ash test, testing the stability of dough and who may make bread for the purpose of such tests;

"laboratory assistant, qualified," means a laboratory assistant who has had not less than twelve months' experience;

"laboratory assistant, unqualified," means a laboratory assistant who has had less than twelve months' experience;

"labourer" means an employee who is engaged in any one or more of the following activities, capacities or duties:—

(1) Carrying, moving, lifting or stacking articles;

(2) cleaning premises, vehicles, plant, stationary or closed moving machinery, implements, tools, utensils, bags or other articles;

(3) cooking rations or making tea or similar beverages or serving tea or similar beverages to employees or his employer;

(4) cutting down, destroying or removing trees or vegetation;

(5) delivering letters, messages or goods on foot or by means of a foot or hand propelled vehicle;

(6) demolishing buildings or other structures;

(7) feeding into or taking off from machines;

(8) filling or emptying bags, sacks or other containers;

„noodwerk", enige werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad of diefstal, sonder versuim verrig moet word, en dit omvat werk wat in verband staan met die laai en aflaai van trokke of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en werk in verband met die laai en aflaai van skepe;

„masjinis", 'n werknemer wat 'n vaste stoommasjien aansit, stopsit en bedien en verantwoordelik is vir die op peil hou van die waterstand en stoomdruk in die stooomketel van so 'n masjien, aan so 'n masjien klein herstellings en verstellings uitvoer, en wat oor masjienkamerwerkers en arbeiders toesig kan hou;

„masjienkamerwerker", 'n werknemer, uitgesonderd 'n skofmeulenaar se assistent of 'n sitkamerwerker wat onder toesig van 'n masjinis of 'n bevoegde persoon wat kragtens die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, aangestel is, verantwoordelik is vir die op peil hou van die oliestand van 'n masjien, so 'n masjien olie, smeer, en skoonmaak en wat dryfrieme kan aansit en afhaal;

„bedryfsinrigting", enige perseel waarin of in verband waarmee een of meer werknemers in die Maalnywerheid in diens is;

„ervaring"—

(*a*) met betrekking tot 'n klerklike werknemer, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer as klerklike werknemer gedien het, afgesien van die bedryf waarin dié ervaring opgedoen is;

(*b*) met betrekking tot 'n handelsreisiger, 'n skofmeulenaar, 'n sifwerker, 'n stoorman, bakselmenger, laboratoriumassistent of fabriecksklerk, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer onderskeidelik as 'n handelsreisiger, 'n skofmeulenaar, sifwerker, stoorman, bakselmenger, laboratoriumassistent of fabriecksklerk in die Maalnywerheid gedien het;

„fabriecksklerk", 'n werknemer, uitgesonderd 'n bakselmenger, wat onder toesig van 'n skofmeulenaar, 'n stoormangradeerder, 'n gekwalifiseerde stoorman of 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer een of meer van die volgende werksaamhede verrig of pligte vervul:—

(*a*) Tel, nasien, afmeet (uitgesonderd herhaalde meet met 'n gestelde maat) of aantekening hou;
(*b*) Naturelletale vertolk of vertaal;
(*c*) passe uitreik;
(*d*) kaartjies stempel;
(*e*) tydkaarte sorteer of bêre;
(*f*) fabrieksstukke of briewe in manuskripvorm oorskryf;
(*g*) vogtigheidstoetse uitvoer;

„fabriecksklerk, gekwalifiseer," 'n fabriecksklerk met minstens ses maande ervaring;

„fabriecksklerk, ongekwalifiseer," 'n fabriecksklerk met minder as ses maande ervaring;

„vroulike arbeider", 'n vroulike werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig of pligte vervul:—

(*a*) Gevulde sakke met die hand toemaak;
(*b*) met die hand sakke heelmaak;
(*c*) artikels van gelyke grootte en getal verpak in houers wat spesiaal vervaardig is om sulke artikels te bevat, en waar die gewig van sulke gevulde houers nie elf pond elk oorskry nie;
(*d*) sakke sorteer of uitskud;
(*e*) moutwerwe uitvee;
(*f*) kafferkoring uitpluis;

„graangradeersertifikaat", 'n sertifikaat deur 'n landboukollege uitgereik en deur of namens die Sekretaris van Landbou medeonderteken, of 'n sertifikaat deur 'n landboufakulteit van enige van die erkende universiteite in die Unie van Suid-Afrika uitgereik om te sertifiseer dat die houer daarvan gekwalifiseer en bevoeg is om graan te gradeer;

„prestasieloonwerk", enige stelsel waarkragtens 'n werknemer se besoldiging gebaseer is op die hoeveelheid of omvang van gedane werk;

„laboratoriumassistent", 'n werknemer wat roetinegraantoetse uitvoer, met inbegrip van die astoets, die stabiliteit van deeg toets en wat vir die doel van hierdie toetse brood kan maak;

„laboratoriumassistent, gekwalifiseer," 'n laboratoriumassistent met minstens 12 maande ervaring;

„laboratoriumassistent, ongekwalifiseer," 'n laboratoriumassistent met minder as twaalf maande ervaring;

„arbeider", 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig of hoedanighede of pligte vervul:—

(1) Voorwerpe dra, verplaas, oplig of stapel;

(2) persele, voertuie, installasie, stilstaande of toegemaakte masjinerie, werktuie, gereedskap, gerei, sakke of ander voorwerpe skoonmaak;

(3) rantsoene kook, of tee of dergelike dranke maak, of tee of dergelike dranke aan werknemers of sy werkgewer bedien;

(4) bome of plantegroei omkap, vernietig of verwyder;

(5) briewe, boodskappe of goedere te voet of met 'n voet- of handaangedrewe voertuig aflewer;

(6) geboue of ander bouwerke afbreek;

(7) masjiene voer of daarvan afneem;

(8) sakke of ander houers vul en leegmaak;

(9) gardening work, i.e. planting under supervision, digging, mowing, raking, weeding or watering or mixing or spreading garden soil or material or cutting or trimming hedges or cleaning or sweeping roads or paths;
(10) guiding belts on stationary pulleys;
(11) keeping tally of number of bags filled;
(12) leading oxen;
(13) lime-washing compounds, latrines, stables, out-buildings or similar buildings or structures;
(14) loading or unloading;
(15) loosening, taking out, breaking or spreading stone, soil, clay or sand or digging trenches, foundations or other excavation work;
(16) making or maintaining fires or removing refuse or sorting clinkers;
(17) marking, branding, stencilling or affixing labels on bags, sacks, boxes, or other containers or packages by hand;
(18) mending bags by hand or sorting or shaking out bags;
(19) mixing mortar, concrete, stone or bitumen by hand or spreading concrete or bitumen by shovel, rake, fork or barrow;
(20) oiling or greasing machinery when not in motion, other than the duties of an engine room attendant, or oiling or greasing vehicles, other than motor vehicles;
(21) operating a sack hoist;
(22) opening or closing bags, sacks, bales, boxes, packages or doors, or glueing;
(23) packing articles of uniform size and number in containers specially made to contain them;
(24) planting poles or erecting fences, under supervision;
(25) pushing or pulling vehicles otherwise than with the use of mechanical devices;
(26) ramming or tamping cement or concrete in moulds or ramming concrete in foundations;
(27) removing, emptying, cleaning or replacing sanitary pails;
(28) setting-up by hand ready-made cardboard or fibre board boxes or similar containers;
(29) sewing bags by hand;
(30) sifting by hand;
(31) spreading malt or cereals or spreading or removing macaroni in drying process;
(32) teasing kaffir corn by hand;
(33) tending or harnessing or unharnessing animals or driving an animal drawn vehicle within an establishment;
(34) repetitive weighing to a predetermined weight or repetitive measuring to a set gauge;

"law" includes the common law;

"machine handyman" means an employee, other than an artisan, engine driver, screensman or a shift miller, who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery, plant, or other equipment or in making minor repairs or renovations to buildings;

"manager" means an employee specifically charged by his employer with the overall supervision over, responsibility for and direction of the activities carried on in or in connection with an establishment in the Milling Industry, but does not include an employee who acts as the substitute of a manager during his temporary absence;

"Milling Industry" means the industry in which an employer and his employees are associated in an establishment which is liable for registration under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941—

(i) for the grinding, gristing or crushing of cereals;

(ii) for the production of any raw cereal product, by grinding, gristing or crushing;

(iii) for the production of any processed cereal product or processed product of cereal milling [other than—

(*a*) ready to serve breakfast foods;
(*b*) rolled oats and oatmeal processed and sold for human consumption; and
(*c*) cooked or raw macaroni, vermicelli, spaghetti and noodles],

if done by an employer and his employees engaged in any of the businesses referred to in (i) or (ii) and in the same establishment as the said businesses are carried on;

(iv) for the production by mixing, preparing or processing of foodstuffs for livestock if carried on by an employer and his employees engaged in any of the businesses specified in (i) or (ii) in the same establishment;

and includes all operations incidental to or consequent on the operations specified in (i), (ii), (iii) and (iv) above, carried on by any such employer and his employees, but does not include—

(*a*) the operations specified in (i), (ii), (iii) and (iv) above if carried on by a farmer for farmers for the domestic use of the latter only;

(9) tuinmaakwerk, d.w.s. spit, gras afsny, hark, onkruid uittrek, of tuingrond of -materiaal natmaak of meng of uitsprei of heinings sny of snoei of paaie of tuinpaadjies skoonmaak of vee of onder toesig plant;
(10) dryfrieme op stilstaande katrolle opsit;
(11) aantekening hou van getal sakke wat gevul is;
(12) osse lei;
(13) kampongs, latrines, stalle, buitegeboue of dergelike geboue of bouwerke witkalk;
(14) laai of afiaai;
(15) klip, grond, klei of sand losmaak, uithaal, opbreek of sprei; fondamente grawe of ander uitgrawingswerk verrig;
(16) vuur maak of aan die brand hou of vuilgoed verwyder of sintels sorteer;
(17) etikette op sakke, kaste of ander houers met die hand vassit, of dit merk, brandmerk of sjabloneer;
(18) sakke met die hand heelmaak, sorteer of uitskud;
(19) dagha, beton, klip of bitumen met die hand meng of beton of bitumen met 'n graaf, hark, vurk of kruiwa sprei;
(20) masjinerie wat nie in beweging is nie olie of smeer, uitgesonderd die pligte van 'n masjienkamerwerker, of voertuie, uitgesonderd motorvoertuie, olie of smeer;
(21) 'n sakhyser bedien;
(22) sakke, bale, kaste, pakke of deure oop- of toemaak, of vasgomwerk;
(23) artikels van dieselfde grootte en getal in houers inpak wat spesiaal vervaardig is om dit te hou;
(24) onder toesig pale inplant of omheinings oprig;
(25) voertuie stoot of trek, uitgesonderd deur van meganiese toestelle gebruik te maak;
(26) sement of beton in vorms vasstamp of dit daarmee opvul of beton in fondamente vasstamp;
(27) nagemmers verwyder, leegmaak, skoonmaak of vervang;
(28) klaargemaakte karton- of veselborddose of soortgelyke houers met die hand opstel;
(29) sakke met die hand toenaai;
(30) met die hand sif;
(31) mout of graansoorte sprei of makaroni sprei of dit in die droogmaakproses verwyder;
(32) kafferkoring met die hand uitpluis;
(33) diere oppas of in- of uitspan of 'n voertuig wat deur diere getrek word in 'n bedryfsinrigting dryf;
(34) herhaalde weeg met 'n vooraf vasgestelde gewig of herhaalde meet met 'n gestelde maat;

„wet", omvat die gemene reg;

„masjienhandlanger", 'n werknemer, uitgesonderd 'n vakman, masjinis, sifwerker of skofmeulenaar, wat geringe herstelwerk of verstellings aan masjinerie, installasie of ander uitrusting uitvoer of geringe herstelwerk of opknappings aan geboue verrig;

„bestuurder", 'n werknemer wat deur sy werkgewer 'n spesifieke opdrag ontvang om algehele toesig te hou oor, verantwoordelik te wees vir en beheer uit te oefen oor die werksaamhede wat in of in verband met 'n bedryfsinrigting uitgeoefen word in die Maalnywerheid, maar omvat nie 'n werknemer wat as plaasvervanger vir 'n bestuurder dien gedurende sy tydelike afwesigheid nie;

„Maalnywerheid", die nywerheid waarin 'n werkgewer en sy werknemers verbonde is in 'n bedryfsinrigting wat kragtens die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, aan registrasie onderworpe is—

(i) vir die maal, tot gruis maak of breek van graansoorte;

(ii) vir die produksie van enige rou-graanproduk deur maal, tot gruis maak of breek;

(iii) vir die produksie van alle prosesbewerkte graanprodukte of prosesbewerkte produkte van graan maal, [uitgesonderd—

(*a*) klaarvoorbereide ontbytvoedsels;
(*b*) gerolde hawer en hawermout wat prosesbewerk is en vir menslike gebruik verkoop word; en
(*c*) gekookte of rou makaroni, vermicelli, spaghetti en snysels];

as dit gedoen word deur 'n werkgewer en sy werknemers wat in die in (i) en (ii) genoemde bedrywe werksaam is en in dieselfde bedryfsinrigting waarin genoemde bedrywe uitgeoefen word;

(iv) vir die produseer deur meng, bereiding of prosesbewerking van voedingsmiddels vir lewende hawe, as dit uitgeoefen word deur 'n werkgewer en sy werknemers wat in enigeen van die in (i) en (ii) genoemde bedrywe in dieselfde bedryfsinrigting werksaam is;

en sluit alle werksaamhede in wat behoort by of die gevolg is van die werksaamhede wat in (i), (ii), (iii) en (iv) hierbo genoem word, en wat deur sodanige werkgewer en sy werknemers uitgeoefen word, maar omvat nie—

(*a*) die werksaamhede wat in (i), (ii), (iii) en (iv) hierbo genoem word nie as dit deur 'n boer vir ander boere slegs vir huishoudelike gebruik deur laasgenoemdes uitgeoefen word nie;

(*b*) the grinding, gristing or crushing of cereals in an establishment in a Native area, which establishment caters wholly or mainly for Native customers and does not work more than one shift per day; and

(*c*) the activities of a gristing miller who holds a current certificate of registration as a gristing miller issued to him by the Mealie Industry Control Board under the provisions of clause 26 (1) (*b*) of the Mealie Control Scheme published in the Schedule to Proclamation No. 99 of 1955;

"Native" means a person who in fact is or is generally accepted as a member of any aboriginal race or tribe of Africa;

"Native area" bears the meaning assigned to it in section *one* of the Industrial Conciliation Act, 1956;

"night shift" means a shift any portion of which exceeding one hour is worked between midnight and 6 o'clock a.m.;

"part-time driver of a motor vehicle," means an employee who is ordinarily engaged on duties otherwise than driving a motor vehicle but who on more than two days in any week is engaged in driving a motor vehicle for not more than three hours in the aggregate on any such day, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver while in charge of the vehicle on work connected with the vehicle or the load and such employee may collect money while so in charge of the vehicle;

"sack printer" means an employee who, under the supervision of a shift miller, screensman or a storeman, is engaged in operating a sack printing machine and who may supervise labourers;

"scalesman" means an employee who is engaged in weighing other than repetitive weighing to a predetermined weight;

"screensman" means an employee who, under the supervision of a shift miller, is in charge of the grain cleaning and conditioning plant or machinery in an establishment, responsible for keeping such plant or machinery and the cleaning house in good working condition and who may start, stop and make adjustments to the machinery in a screensroom and supervise screensroom attendants and labourers;

"screensman, qualified," means a screensman who has had not less than four years' experience;

"screensman, unqualified," means a screensman who has had less than four years' experience;

"shift" means a period of work not in excess of nine and one-quarter ordinary hours of work;

"shift miller" means an employee who is responsible for the screening, grinding, gristing, crushing, rolling, processing or elevating of cereals or products of cereal milling and the testing of the products from time to time to ensure the correct standard of grinding, who is in charge of the employees employed on the same shift as that on which he is employed and responsible for the efficient performance by them of their duties and who may start, stop and make repairs and adjustments to machinery;

"shift miller, qualified," means—

(i) in relation to a shift miller in the Wheat and Rye Milling section of the Milling Industry, a shift miller who has had not less than five years' experience or who has served his apprenticeship in the Milling Trade in terms of the Apprenticeship Act, 1944;

(ii) in relation to a shift miller in any other section of the Milling Industry, a shift miller who has had not less than four years' experience or who has served his apprenticeship in the Maize Milling Trade in terms of the Apprenticeship Act, 1944;

"shift miller, unqualified," means—

(i) in relation to a shift miller in the Wheat and Rye Milling Section of the Milling Industry, a shift miller over the age of twenty-one years who has had less than five years' experience;

(ii) in relation to a shift miller in any other section of the Milling Industry, a shift miller over the age of twenty-one years who has had less than four years' experience;

"screensroom attendant" means an employee who, under the supervision of a shift miller or a screensman, is engaged in any one or more of the activities or duties referred to in the definition "shift miller's assistant";

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall or protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall or protective clothing shall remain the property of the employer.

12. Termination of Contract of Employment.

(1) An employer or employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, twenty-four hours' notice;

(*b*) one week's notice after the first four weeks of employment;

of his intention to terminate the contract, or an employer may terminate the contract without notice by paying the employee in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of twenty-four hours' notice, the daily wage which the employee is receiving at the date of such termination;

(*e*) die dag waarop kommissie betaal word ten opsigte van bestellings wat deur die werkgewer aangeneem is voor die beëindiging van die dienskontrak: Met dien verstande dat sodanige betaaldag voor of op die laaste werkdag van die kalendermaand val wat volg op die maand wanneer diens beëindig is.

(5) Die voorwaardes van die ooreenkoms in subklousule (4) genoem, moet finansieel vir die handelsreisiger nie minder gunstig wees as hierdie Vasstelling nie: Met dien verstande dat die vervaldatum vir die betaling van besoldiging aan 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, ooreenkomstig die ooreenkoms moet wees en in hierdie verband is die bepalings van klousule 4 (1) nie op sodanige betaling van toepassing nie.

(6) Behoudens soos bepaal in klousule 4 (6), moet 'n werkgewer aan sy handelsreisiger wat vir enige tydperk kommissiewerk verrig, besoldiging betaal teen die skaal waarop hulle ooreengekom het: Met dien verstande dat afgesien van die getal of waarde van die bestellings deur sy werkgewer aangeneem, die besoldiging van sodanige handelsreisiger ten opsigte van enige tydperk minstens dié moet wees wat aan hom verskuldig sou wees vir daardie tydperk ingevolge klousule 3 (1).

(7) 'n Werkgewer of 'n handelsreisiger wat van plan is om 'n ooreenkoms ten opsigte van kommissiewerk te kanselleer of om te onderhandel oor 'n wysiging daarvan, moet skriftelik kennis gee van sodanige voorneme en die tydperk van sodanige kennisgewing moet nie minder wees as die tydperk wat vereis word om die dienskontrak van sodanige handelsreisiger kragtens klousule 12 te beëindig nie.

10. Getalleverhouding.

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n skofmeulenaar se assistent of 'n sifkamerbediener in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde skofmeulenaar in sy diens het nie en vir elke gekwalifiseerde skofmeulenaar in sy diens mag hy hoogstens twee skofmeulenaar se assistente en een sifkamerbediener in diens hê.

(2) 'n Werkgewer mag hoogstens een skofmeulenaar se assistent en een sifkamerbediener in diens hê vir elke gewalifiseerde sifwerker in sy diens: Met dien verstande dat waar 'n werkgewer 'n gekwalifiseerde sifwerker benewens 'n gekwalifiseerde skofmeulenaar in diens het, die getal skofmeulenaar se assistente en sifkamerbedieners wat in diens geneem mag word vir elke gekwalifiseerde sifwerker bo en behalwe diegene wat kragtens subklousule (1) in diens geneem mag word, moet wees.

(3) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde skofmeulenaar of sifwerker in diens hê nie tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde skofmeulenaar of sifwerker in sy diens het nie, en vir elke gekwalifiseerde skofmeulenaar of sifwerker in sy diens, mag hy hoogstens onderskeidelik een ongekwalifiseerde skofmeulenaar of sifwerker in diens hê.

(4) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer, manlike klerklike werknemer, stoorman of handelsreisiger in diens hê nie tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer, manlike klerklike werknemer, stoorman of handelsreisiger in sy diens het nie, en vir elke gekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer, manlike klerklike werknemer, stoorman of handelsreisiger in sy diens, mag hy onderskeidelik hoogstens een ongekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer, manlike klerklike werknemer, stoorman of handelsreisiger in diens hê.

(5) Nieteenstaande enige andersluidende bepalings in hierdie klousule, moet subklousules (1), (2) en (3) op elke skof afsonderlik van toepassing wees in 'n bedryfsinrigting waarin daar meer as een skof gewerk word in enige tydperk van vier-en-twintig opeenvolgende uur.

(6) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word dit beskou dat 'n werkgewer of bestuurder wat uitsluitlik of hoofsaaklik werk van 'n besondere klas werknemer verrig, 'n gekwalifiseerde werknemer in sodanige klas is;

(*b*) word dit beskou dat 'n werknemer wat 'n loon ontvang van minstens die loon wat vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf is, 'n gekwalifiseerde werknemer is.

(7) Hierdie klousule is afsonderlik op elke bedryfsinrigting van toepassing.

11. Uniforms, oorpakke en beskermende klere.

'n Werkgewer moet enige uniform, oorpak of beskermende klere wat hy van sy werknemer mag vereis om te dra, of wat hy kragtens enige wet of regulasie verplig is om aan sy werknemer te verstrek, kosteloos verskaf en in goeie en skoon toestand hou en sulke uniforms, oorpakke en beskermende klere bly die werkgewer se eiendom.

12. Beëindiging van dienskontrak.

(1) 'n Werkgewer of 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat sy dienskontrak wil beëindig moet—

(*a*) vier-en-twintig uur kennis gee gedurende die eerste vier weke diens;

(*b*) na die eerste vier weke diens, een week kennis gee;

van sy voorneme om die kontrak te beëindig, of 'n werkgewer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur die werknemer in plaas van sodanige kennisgewing, minstens die volgende te betaal:—

(i) In die geval van vier-en-twintig uur kennisgewing, die dagloon wat die werknemer ontvang ten tye van sodanige beëindiging;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the date of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and longer than prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of desertion by an employee.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall be given on or before the usual pay day of the establishment for such employees and shall commence to run from the day after such per day: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of peace training the employee is required to undergo under the South Africa Defence Act, 1912;

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7; and

(iii) that where only twenty-four hours' notice is required to be given, such notice may be given on any work day.

13. Certificate of Service.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and termination of the contract and the rate of remuneration at the date of such termination.

14. Log Book.

(1) An employer shall provide his driver of a motor vehicle or his part-time driver of a motor vehicle with a log book as nearly as practicable in the following form:—

DAILY LOG.

Name of employer .....
Name of driver .....
Time of starting work ..... a.m./p.m. ..... a.m./p.m.
Time of finishing work ..... a.m./p.m. ..... a.m./p.m.
Number of hours worked .....
Meal hours from ..... a.m./p.m.
to ..... a.m./p.m.
Particulars of any accident or delay .....
.....

.....
(Signature of Driver.)

Date ..... 19.....

(2) Every driver of a motor vehicle or part-time driver of a motor vehicle, upon being provided with a log book referred to in sub-clause (1), shall keep the said daily log in duplicate in respect of each day's work, and shall, within twenty-four hours of the completion of the day's work to which it relates, deliver a copy thereof to his employer and for the purpose of this clause the expression "work" in relation to a part-time driver of a motor vehicle shall refer only to "driving a motor vehicle" as defined in the definition of this class of employee.

(3) Every employer shall retain the copy of the daily log, which in terms of sub-clause (2) has been delivered to him, for a period of three years subsequent to the occurrence of that event.

16. Prohibition of Employment.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

SCHEDULE.

I/We (*a*) .....,
carrying on trade in the Milling Industry at .....
.....
.....
hereby certify that Mr./Mrs./Miss (*a*) .....
was employed by me/us (*a*) from the ..... day
of ....., 19....., to the .....
day of 19....., in the occupation of (*b*) .....
..... At the termination of employment his/her
(*a*) wage (inclusive of cost of living allowance) was .....
..... pounds ..... shillings .....
pence per week/month. (*a*)

.....
Signature of Employer or
Authorised Representative.

Date .....

(ii) in die geval van 'n week kennisgewing, die weekloon wat die werknemer ontvang ten tye van sodanige beëindiging:

Met dien verstande dat dit nie—

(i) op die werkgewer of werknemer se reg om die dienskontrak sonder opsegging te beëindig weens enige oorsaak wat by wet as afdoende erken word;

(ii) op enige skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer wat vir 'n termyn van opsegging van gelyke duur vir beide partye en vir langer as wat in hierdie klousule voorgeskryf is;

(iii) die toepassing van enige verbeurings of boetes wat by wet toegepas kan word ingeval 'n werknemer dros;

inbreuk maak nie.

(2) As 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoud by subklousule (1) gesluit is, is die betaling of verbeuring in plaas van opsegging in verhouding tot die termyn van opsegging waarop ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing in subklousule (1) voorgeskryf, moet voor of op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir sodanige werknemers gegee word en word van krag vanaf die dag na sodanige betaaldag: Met dien verstande—

(i) dat die kennisgewingtydperk nie mag saamval met, en kennis nie gegee mag word gedurende, 'n werknemer se afwesigheid met verlof toegestaan kragtens klousule 6, of enige tydperk van vredestydse opleiding wat die werknemer verplig is om ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, te ondergaan;

(ii) dat kennis nie gegee mag word gedurende 'n werknemer se afwesigheid weens siekteverlof toegestaan kragtens klousule 7 nie; en

(iii) dat waar dit verpligtend is om slegs vier-en-twintig uur kennis te gee, sodanige kennisgewing op enige werkdag gegee mag word.

13. Dienssertifikaat.

'n Werkgewer moet by beëindiging van 'n dienskontrak, uitgesonderd deur die dros van 'n werknemer, sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik in die vorm is wat in die Bylae van hierdie Vasstelling voorgeskryf is en die volle name van die werkgewer en sy werknemer, die beroep van die werknemer, die datum waarop werk begin is en die kontrak beëindig is en die besoldigingskaal ten tye van sodanige beëindiging, aantoon.

14. Logboek.

(1) 'n Werkgewer moet sy motorvoertuigbestuurder of sy deeltydse motorvoertuigbestuurder voorsien van 'n logboek wat so na as moontlik aan die volgende vorm is:—

DAAGLIKSE LOG.

Naam van werkgewer .....
Naam van bestuurder .....
Aanvangstyd van werk ..... vm./nm. ..... vm./nm.
Tyd waarop werk gestaak is ..... vm./nm. ..... vm./nm.
Getal ure gewerk .....
Etensure vanaf ..... vm./nm. tot ..... vm./nm.
Besonderhede van enige ongeluk of vertraging .....
.....

.....
(Handtekening van Bestuurder.)

Datum ..... 19.....

(2) Elke motorvoertuigbestuurder of 'n deeltydse motorvoertuigbestuurder moet, wanneer hy voorsien word van 'n logboek in subklousule (1) genoem, genoemde daaglikse log ten opsigte van elke dag se werk in duplo hou en moet binne vier-en-twintig uur na die voltooiing van die dag se werk waarop dit betrekking het, 'n afskrif daarvan aan sy werkgewer besorg, en vir die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking „werk" met betrekking tot 'n deeltydse motorvoertuigbestuurder slegs „'n motorvoertuig bestuur" soos in die woordomskrywing vir hierdie klas werknemer omskryf.

(3) Elke werkgewer moet die afskrif van die daaglikse log wat ingevolge subklousule (2) aan hom besorg is, vir 'n tydperk van drie jaar na die tyd hou.

16. Verbod op Indiensneming.

'n Werkgewer mag geen persoon onder die ouderdom van vyftien jaar in diens neem nie.

BYLAE.

Ek/Ons (*a*) .....
wat die Maalnywerheid beoefen te .....
.....
.....
sertifiseer hierby dat mnr./mev./mej. (*a*) .....
by my/ons in diens was (*a*) vanaf die ..... dag
van ..... 19....., tot die .....
dag van ..... 19....., in die beroep van (*b*)
..... By diensbeëindiging was sy/haar
(*a*) loon (lewenskostetoelae ingesluit) ..... pond
..... sjeliags ..... pennies
per week/maand. (*a*)

.....
Handtekening van Werkgewer of
Gemagtigde Verteenwoordiger.

Datum .....

(*a*) Delete whichever inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerical employee, traveller, labourer, shift miller, screensroom attendant.

P. R. VIVIERS, *Member.*
A. D. LEE, *Member.*

L. F. PIENAAR, *Secretary.*
Pretoria, 27th May, 1957.

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Noem die beroep waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerklike werknemer, handelsreisiger, arbeider, skofmeulenaar, sifkamerbediener.

P. R. VIVIERS, *Lid.*
A. D. LEE, *Lid.*
L. F. PIENAAR, *Sekretaris.*

Pretoria, 27 Mei 1957.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS

No. 926.] [28 June 1957.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of section *four* of Act No. 10 of 1911, to approve of—

(*a*) the withdrawal, with effect from the 1st July, 1957, of the existing parcel post rates to the undermentioned countries, as published in Government Notice No. 1161 of the 29th June, 1956; and
(*b*) the substitution thereof by the following new rates with effect from the same date:—

Country of Destination.	1 lb.	2 lb.	3 lb.	4 lb.	5 lb.	6 lb.	7 lb.	8 lb.	9 lb.	10 lb.	11 lb.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
Antigua	4 3	5 3	6 3	9 9	10 9	11 9	12 9	16 0	17 0	18 0	19 0
Argentine Republic	6 9	7 9	8 9	12 0	13 0	14 0	15 0	19 3	20 3	21 3	22 3
Brazil	7 0	8 0	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	20 3	21 3	22 3	23 3
Cyprus	4 3	5 3	6 3	9 3	10 3	11 3	12 3	16 3	17 3	18 3	19 3
Germany, Federal Republic	4 8	5 8	6 11	8 8	9 8	10 8	11 8	13 9	14 9	15 9	16 9
Gibraltar	4 0	5 0	6 0	8 9	9 9	10 9	11 9	15 0	16 0	17 0	18 0
Holland	4 1	5 1	6 1	8 1	9 1	10 1	11 1	13 5	14 5	15 5	16 5
India	3 3	4 3	5 3	8 2	9 2	10 2	11 2	14 0	15 0	16 0	17 0
Morocco—											
(*a*) Southern Zone	4 9	5 9	6 9	9 6	10 6	11 6	12 6	16 0	17 0	18 0	19 0
(*b*) Northern Zone	6 9	7 9	10 3	11 3	12 3	13 3	14 3	17 0	18 0	19 0	20 0
Nigeria	4 0	5 0	6 0	7 6	8 6	9 6	10 6	12 6	13 6	14 6	15 6
Union of Soviet Socialist Republics—											
(*a*) In Europe	5 9	6 9	9 9	10 9	11 9	12 9	13 9	17 0	18 0	19 0	20 0
(*b*) In Asia	8 0	9 0	13 3	14 3	15 3	16 3	17 3	21 9	22 9	23 9	24 9
Uruguay	6 0	7 0	11 9	12 9	13 9	14 9	15 9	19 6	20 6	21 6	22 6

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEGRAAFWESE.

No. 926.] [28 Junie 1957.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens die bepalings van artikel *vier* van Wet No. 10 van 1911 die volgende goed te keur:—

(*a*) Die terugtrekking, met ingang van 1 Julie 1957, van die bestaande pakketposgeld na die ondergenoemde lande, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1161 van 29 Junie 1956; en
(*b*) die vervanging daarvan deur die volgende nuwe tariewe met ingang van dieselfde datum:—

Land van bestemming.	1 lb.	2 lb.	3 lb.	4 lb.	5 lb.	6 lb.	7 lb.	8 lb.	9 lb.	10 lb.	11 lb.
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
Antigua	4 3	5 3	6 3	9 9	10 9	11 9	12 9	16 0	17 0	18 0	19 0
Argentynse Republiek	6 9	7 9	8 9	12 0	13 0	14 0	15 0	19 3	20 3	21 3	22 3
Brasilië	7 0	8 0	11 6	12 6	13 6	14 6	15 6	20 3	21 3	22 3	23 3
Ciprus	4 3	5 3	6 3	9 3	10 3	11 3	12 3	16 3	17 3	18 3	19 3
Duitsland, Federale Republiek	4 8	5 8	6 11	8 8	9 8	10 8	11 8	13 9	14 9	15 9	16 9
Gibraltar	4 0	5 0	6 0	8 9	9 9	10 9	11 9	15 0	16 0	17 0	18 0
Holland	4 1	5 1	6 1	8 1	9 1	10 1	11 1	13 5	14 5	15 5	16 5
Indië	3 3	4 3	5 3	8 2	9 2	10 2	11 2	14 0	15 0	16 0	17 0
Marokko—											
(*a*) Suidelike sone	4 9	5 9	6 9	9 6	10 6	11 6	12 6	16 0	17 0	18 0	19 0
(*b*) Noordelike sone	6 9	7 9	10 3	11 3	12 3	13 3	14 3	17 0	18 0	19 0	20 0
Nigerië	4 0	5 0	6 0	7 6	8 6	9 6	10 6	12 6	13 6	14 6	15 6
Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke—											
(*a*) In Europa	5 9	6 9	9 9	10 9	11 9	12 9	13 9	17 0	18 0	19 0	20 0
(*b*) In Asië	8 0	9 0	13 3	14 3	15 3	16 3	17 3	21 9	22 9	23 9	24 9
Uruguay	6 0	7 0	11 9	12 9	13 9	14 9	15 9	19 6	20 6	21 6	22 6

No. 927.] [28 June 1957.

His Excellency the Governor-General has been pleased—

(*a*) to approve under the provisions of section *four* of Act No. 10 of 1911 of the withdrawal of the clearance fee of 6d. on foreign parcels and packets, as promulgated under Government Notice No. 1243 of the 25th June 1954, as from the 1st July, 1957, and the replacement thereof by 1s. from the same date; and
(*b*) to approve under the provisions of section *three* (4) of Act No. 10 of 1911 of the undermentioned amendments to the Postal Regulations, as promulgated by Government Notice No. 1600 of the 22nd October, 1937, as amended, as from the 1st July, 1957:—

(i) *Regulation* 20 (2).—Deletion of the words "stamp duty and" in the fifth line.

No. 927.] [28 Junie 1957.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag—

(*a*) om kragtens die bepalings van artikel *vier* van Wet No. 10 van 1911 die intrekking van die klaringskoste van 6d. op buitelandse pakkette en pakkies, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1243 van 25 Junie 1954, met ingang van 1 Julie 1957, en die vervanging daarvan deur 1s. van dieselfde datum af goed te keur; en
(*b*) om kragtens die bepalings van artikel *drie* (4) van Wet No. 10 van 1911 onderstaande wysigings van die Posregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1600 van 22 Oktober 1937, soos gewysig, met ingang van 1 Julie 1957 goed te keur:—

(i) *Regulasie* 20 (2).—Skrapping van die woorde „seël- en" in die vierde reël.

(ii) *Schedule B, item 6 of the supplementary charges.*—Deletion of the words " stamp duty and " in the first line and replacement of " 6d. " by " 1s.".

No. 934.] [28 June 1957.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased under the provisions of section *three* (4) of Act No. 10 of 1911, to approve of the subjoined parcel post agreement concluded between the Union of South Africa and Italy.

UNION OF SOUTH AFRICA—ITALY.

PARCEL POST AGREEMENT.

Agreement made between the Postmaster-General of the Union of South Africa, Pretoria, of the one part, and the Director-General of Posts and Telegraphs of Italy, Rome, of the other part;

Whereby it is agreed to effect a regular direct exchange of parcels between the Union of South Africa and Italy as follows:—

ARTICLE 1.

Conditions of Exchange.

1. Parcels under the designation of postal parcels, may be exchanged between the contracting administrations, either direct or through the intermediary of one or more other administrations.

2. Parcels may be forwarded in either closed mails or in open transit and shall be re-forwarded by the most rapid land and sea routes which are used for their own mails by the countries undertaking the transit.

3. The parcels shall be despatched in bags, boxes or baskets, and mails shall only be made up on such offices of exchange as may be mutually agreed upon by the administrations concerned.

4. Unless specially provided for in these arrangements, the conditions as to posting, transmission and delivery of parcels (including the levy of Customs duty and other charges) and redirection within the limits of the country of destination shall be governed by the regulations of the country concerned.

ARTICLE 2.

Weights and Dimensions.

The maximum weight of each parcel shall not exceed eleven pounds and the maximum dimensions shall not ordinarily exceed three feet six inches in length or six feet in length and girth combined. Nevertheless, administrations, should they so desire, may, after obtaining the consent of the intermediary administration, exchange parcels of slightly greater dimensions than those above specified.

ARTICLE 3.

Postage Rates.

1. Prepayment of postage on all parcels is obligatory except in the case of redirected parcels.

2. The postage rates shall be composed only of the sum of the territorial and maritime rates of origin, transit and destination.

ARTICLE 4.

Territorial and Maritime Rates.

1. The territorial and maritime charges for each country of origin, transit or destination will be at such rates as may be agreed upon from time to time by the contracting parties.

2. The administration of origin undertakes to pay to each of the administrations taking part in the transportation, including that of destination, all costs connected with the conveyance of the mails, excepting charges for redirection mentioned in Article 13.

(ii) *Bylae B, item 6 van die aanvullingskoste.*—Skrapping van die woorde „ seëlreg en " in die eerste reël en vervanging van „ 6d. " deur „ 1s. ".

No. 934.] [28 Junie 1957.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om kragtens die bepalings van artikel *drie* (4) van Wet No. 10 van 1911, onderstaande Pakketposooreenkoms wat tussen die Unie van Suid-Afrika en Italië aangegaan is, goed te keur.

UNIE VAN SUID-AFRIKA—ITALIË.

PAKKETPOSOOREENKOMS.

Ooreenkoms aangegaan tussen die Posmeester-generaal van die Unie van Suid-Afrika, Pretoria, aan die een kant, en die Direkteur-generaal van Pos- en Telegraafwese van Italië, Rome, aan die ander kant;

Waarby daar ooreengekom word om 'n gereelde regstreekse wisseling van pakkette tussen die Unie van Suid-Afrika en Italië in te stel, soos volg:—

ARTIKEL 1.

Voorwaardes van wisseling.

1. Pakkette wat aan die beskrywing van pospakkette beantwoord, kan tussen die kontrakterende administrasies gewissel word, òf regstreeks òf deur tussenkoms van een of meer ander administrasies.

2. Pakkette kan òf per geslote òf per oop pos gestuur word en moet deur die lande wat die deursending onderneem langs die sneiste land- en seeroete wat vir hul eie pos gebruik word, verder aangestuur word.

3. Die pakkette moet in sakke, kaste of mandjies gestuur word en versendings kan slegs opgemaak word vir die wisselkantore waaroor daar wedersyds deur die betrokke administrasies ooreengekom is.

4. Tensy daar spesiale voorsiening in hierdie reëlings gemaak word, word die voorwaardes betreffende die pos, deursending en aflewering van pakkette (met inbegrip van die heffing van doeanereg en ander gelde) en nasending binne die grense van die land van bestemming, deur die regulasies van die betrokke land bepaal.

ARTIKEL 2.

Gewig en afmetings.

'n Pakket mag hoogstens elf pond weeg en in gewone omstandighede hoogstens drie voet ses duim lank wees of 'n gesamentlike lengte en omtrek van hoogstens ses voet hê. Administrasies kan egter, indien hulle verlang, die toestemming van die tussenadministrasie verkry om pakkette te wissel wat ietwat groter is as wat hierbo bepaal is.

ARTIKEL 3.

Postariewe.

1. Die posgeld op alle pakkette, behalwe nagestuurde pakkette, moet vooruitbetaal word.

2. Die posgeld moet bestaan uit slegs die totaal van die land- en seetariewe van die lande van oorsprong, deursending en bestemming.

ARTIKEL 4.

Land- en seetariewe.

1. Die land- en seetariewe vir elke land van oorsprong, deursending of bestemming is dié waaroor daar van tyd tot tyd deur die kontrakterende partye ooreengekom word.

2. Die Administrasie van oorsprong verbind hom om aan elkeen van die administrasies wat 'n aandeel aan die vervoer het, met inbegrip van dié van die land van bestemming, alle koste verbonde aan die vervoer van die pos te betaal, behalwe nastuurkoste waarvan in Artikel 13 melding gemaak word.

ARTICLE 5.

Responsibility.

1. Unless special agreement exists, administrations are not responsible in principle, for the loss, spoliation or damage of parcels. Administrations, however, will examine in all good faith claims which are submitted to them in this connection.

2. The sender of a parcel shall be responsible for ensuring that it is securely packed in such a manner as to protect the contents from damage.

ARTICLE 6.

Prohibitions.

1. Parcels may not contain substances of a dangerous, destructive, explosive or offensive nature, or contraband articles or substances, or liquids (unless securely packed in proper cases) nor may they contain a letter or any article, the transmission of which by parcel post is prohibited by the country of destination.

2. Administrations shall furnish to all contracting parties a list of the articles the importation of which is prohibited in their country.

3. Any parcel, the contents of which are found to be prohibited in terms of the foregoing, shall without further formality be returned to the administration of origin. Exceptionally dangerous, explosive or offensive articles shall be disposed of in accordance with the internal regulations of the country concerned.

4. If a parcel be found to contain a letter, such letter shall be surcharged with double the letter rate of postage and the amount of surcharge shall accrue to the country of destination.

ARTICLE 7.

Cancellation of Customs and Other Non-Postal Charges.

1. Administrations undertake to use their influence with the competent authorities of their respective countries in order to obtain the cancellation of customs and other non-postal charges on parcels returned to the country of origin, abandoned by the senders, destroyed or forwarded to a third country.

2. Similar action is undertaken in respect of parcels lost, rifled or damaged in their service.

ARTICLE 8.

Addressing of Parcels.

1. Every parcel shall bear the name and address of the person for whom it is intended, given with such completeness as will enable delivery to be effected.

2. Addresses in pencil shall not be allowed, provided that parcels bearing addresses written in copying pencil on a surface previously damped shall be accepted.

3. The addresses shall be written on the parcel itself or on a label so firmly attached to it that it cannot become detached.

4. The sender of a parcel shall be advised to enclose in the parcel a copy of the address together with a note of his own address.

ARTICLE 9.

Customs Declarations.

1. Every parcel shall be accompanied by one or more Customs Declarations duly completed together with a Despatch Note when one is required by the country of destination.

2. Administrations shall inform each other of their requirements in respect of Customs Declarations and Despatch Notes.

ARTICLE 10.

Parcel Bills.

1. Parcels exchanged between administrations shall be entered by the despatching office of exchange on parcel bills in the manner agreed upon by the administrations concerned. The parcel bills shall be forwarded with the parcels to the office of exchange of the country of destination.

ARTIKEL 5.

Aanspreeklikheid.

1. Tensy 'n spesiale ooreenkoms aangegaan is, is administrasies in beginsel nie vir die verlies, berowing of beskadiging van pakkette aanspreeklik nie. Indien eise in hierdie verband egter aan hulle voorgelê word, sal hulle te goeder trou daarop ingaan.

2. Die afsender van 'n pakket is verantwoordelik vir die stewige verpakking daarvan op so 'n manier dat die inhoud teen beskadiging beveilig is.

ARTIKEL 6.

Verbodsbepalings.

1. Pakkette mag geen gevaarlike, vernietigende ontplofbare of aanstootlike stowwe, verbode artikels of stowwe, of vloeistowwe (tensy hulle deeglik in geskikte kaste verpak is) bevat nie; ook mag geen brief of ander artikel ingesluit word waarvan die versending per pakketpos in die land van bestemming verbode is nie.

2. Administrasies moet aan alle kontrakterende partye 'n lys verskaf van die artikels wat in hulle gebied verbode is.

3. 'n Pakket waarvan die inhoud ooreenkomstig die voorgaande verbode blyk, moet sonder meer aan die administrasie van oorsprong teruggestuur word. Besonder gevaarlike, ontplofbare of aanstootlike artikels moet ooreenkomstig die binnelandse regulasies van die betrokke land behandel word.

4. As 'n brief in 'n pakket ontdek word, moet dit met dubbel die briefpostarief beboet word en die bedrag van die boete kom die land van bestemming toe.

ARTIKEL 7.

Intrekking van doeanegeld en ander koste wat nie posdiensgeld is nie.

1. Administrasies verbind hulle om hul invloed by die bevoegde owerhede in hul eie lande te gebruik ten einde die intrekking van doeanegeld en ander koste wat nie posdiensgeld is nie te bewerkstellig in die geval van pakkette wat na die land van oorsprong teruggestuur, deur die afsenders prysgegee, vernietig of na 'n derde land aangestuur is.

2. Hulle verbind hulle tot dergelike tussenkoms ten opsigte van pakkette wat in hul posdienste verlore geraak het, geplunder of beskadig is.

ARTIKEL 8.

Adresseer van pakkette.

1. Op elke pakket moet die naam en adres van die persoon vir wie dit bestem is, volledig genoeg voorkom om aflewering moontlik te maak.

2. Pakkette wat met potlood geadresseer is, word nie aangeneem nie, maar indien daar met inkpotlood geskryf is op 'n oppervlakte wat vooraf klam gemaak is, word dit wel aangeneem.

3. Die adres moet òf op die pakket self geskryf word òf op 'n etiket wat so deeglik daaraan geheg is dat dit nie kan losgaan nie.

4. Die afsender moet aangeraai word om 'n afskrif van die adres en van sy eie adres by die pakket in te sluit.

ARTIKEL 9.

Doeaneverklarings.

1. Elke pakket moet vergesel gaan van een of meer behoorlik ingevulde doeaneverklarings, asook 'n versendingsbrief indien die land van bestemming dit vereis.

2. Administrasies moet mekaar in kennis stel van hul vereistes ten opsigte van doeaneverklarings en versendingsbriewe.

ARTIKEL 10.

Pakketlyste.

1. Pakkette wat tussen administrasies gewissel word, moet deur die wisselkantoor van versending op pakketlyste ingeskryf word op die manier waaroor deur die betrokke administrasies ooreengekom is. Die pakketlyste moet saam met die pakkette na die wisselkantoor in die land van bestemming aangestuur word.

2. The parcel bills despatched by each office of exchange shall be numbered consecutively, commencing with No. 1 for the first despatch of each calendar year, and these numbers shall be termed parcel bill numbers.

The entries on each parcel bill shall also be numbered consecutively, commencing with No. 1 for each parcel bill, and these numbers shall be termed the entry numbers.

ARTICLE 11.

Errors and Irregularities.

Every error, irregularity or discrepancy between a parcel bill and the parcels entered thereon, which may be detected upon the arrival of a mail at the receiving office of exchange shall be recorded in a verification note, which shall be forwarded by return mail to the despatching office of exchange. The non-receipt of a verification note within a reasonable period shall be taken as an indication that the mail has been received in order.

ARTICLE 12.

Missent Parcels.

1. Missent parcels shall be forwarded to destination by the most direct route at the disposal of the office re-transmitting them. When this re-transmission involves the return of parcels to the office from which they were received, the rates credited in the parcel bill from that office shall be cancelled and the re-transmitting office of exchange shall simply record the parcels on the return parcel bill and call attention to the error by means of a verification note.

2. In other cases the rates shall be allowed to stand and if the amount credited is insufficient to cover the expense of re-transmission, the re-transmitting office shall recover the difference by increasing the amount entered to its credit on the parcel bill of the despatching office of exchange and shall notify that office by means of a verification note.

ARTICLE 13.

Re-direction.

Postal parcels re-directed in consequence of a mistake by the sender or of the removal of the addressee from one country to another to which postal parcels are sent shall be subjected by the delivering administration to a charge to be paid by the addressee, representing the rates due to the latter administration, to the re-directing administration and to each intermediary administration, if there be any. The re-directing administration shall recover its quota by charging it to the first intermediary administration or to the administration of the new destination. But if the amount chargeable for the further conveyance of a re-directed parcel be paid at the time of its re-direction, the parcel shall be dealt with as if it had been addressed direct from the re-transmitting country to the country of destination, and delivered without any charge to the addressee for postage.

ARTICLE 14.

Undeliverable Parcels.

1. The sender of a parcel may request at the time of posting that if the parcel cannot be delivered as addressed it may be either (*a*) treated as abandoned or (*b*) tendered for delivery at a second address in the country of destination. No other alternative is admissible.

2. If the sender avails himself of this facility his request must be indicated in the appropriate place in the despatch note on the parcel, and must be in one of the following forms:—

"If undeliverable as addressed, abandon."
"If undeliverable as addressed, deliver to....."

3. In the absence of a definite request for abandonment, a parcel which is undeliverable at the original address, or at the alternative address if one is furnished, shall be returned to the sender without previous notification and at his expense.

2. Die pakketlyste wat deur elke wisselkantoor afgestuur word, moet opeenvolgende nommers kry, van No. 1 af vir die eerste versending van elke kalenderjaar, en hierdie nommers word pakketlysnommers genoem.

Die inskrywings op elke pakketlys moet ook opeenvolgende nommers kry, van No. 1 af vir elke pakketlys, en hierdie nommers word die inskrywingsnommers genoem.

ARTIKEL 11.

Foute en onreëlmatighede.

Indien daar by die aankoms van 'n posversending by 'n wisselkantoor van ontvangs foute, onreëlmatighede of verskille tussen die pakketlys en die pakkette wat daarop ingeskryf is, ontdek word, moet dit aangeteken word op 'n bevestigingsbrief wat per kerende pos na die wisselkantoor van versending gestuur moet word. As daar binne 'n redelike tydperk geen bevestigingsbrief ontvang word nie, word aangeneem dat die pos in orde was.

ARTIKEL 12.

Verkeerd gestuurde pakkette.

1. Verkeerd gestuurde pakkette moet deur die heraanstuurkantoor langs die mees regstreekse roete beskikbaar na hul bestemming gestuur word. Indien dit beteken dat die pakkette na die kantoor van oorsprong teruggestuur moet word, moet die gelde waarmee die pakketlys van die kantoor gekrediteer is, ingetrek word en die wisselkantoor van herversending moet die pakkette eenvoudig op die kerende pakketlys aanteken en die aandag deur middel van 'n bevestigingsbrief op die fout vestig.

2. In ander gevalle word die gelde onveranderd gelaat en indien die gekrediteerde bedrag nie die heraanstuurkoste dek nie, moet die heraanstuurkantoor die verskil verhaal deur die bedrag waarmee hy op die pakketlys van die wisselkantoor van versending gekrediteer word, te verhoog en hierdie kantoor deur middel van 'n bevestigingsbrief daarvan in kennis stel.

ARTIKEL 13.

Nasending.

Indien 'n pospakket nagestuur moet word weens 'n fout van die afsender of die vertrek van die geadresseerde na 'n ander land waarheen pospakkette gestuur word, moet die afleweringsadministrasie 'n bedrag van die geadresseerde vorder wat die posgeld uitmaak wat verskuldig is aan laasgenoemde administrasie, aan die administrasie wat die pakket nagestuur het en aan elke tussenadministrasie, indien daar is. Die administrasie wat die pakket nastuur, moet sy kwota verhaal deur die eerste tussenadministrasie of die administrasie van die nuwe bestemming daarmee te debiteer. As die betaalbare bedrag vir die verdere vervoer van 'n nagestuurde pakket egter ten tyde van nasending betaal word, moet daar opgetree word asof die pakket regstreeks van die land wat dit nastuur na die land van bestemming geadresseer is, en dit moet afgelewer word sonder dat enige posgeld van die geadresseerde gevorder word.

ARTIKEL 14.

Onbestelbare pakkette.

1. 'n Afsender kan ten tyde van inlewering van 'n pakket versoek dat, indien dit nie afgelewer kan word soos dit geadresseer is nie, dit òf (*a*) as prysgegee beskou òf (*b*) by 'n tweede adres in die land van bestemming vir aflewering aangebied moet word. Geen alternatief word toegelaat nie.

2. As 'n afsender van hierdie geleentheid gebruik wil maak, moet hy dit in een van onderstaande vorms op die regte plek op die versendingsbrief op die pakket aandui:—

„Indien onbestelbaar soos geadresseer, gee prys."
„Indien onbestelbaar soos geadresseer, lewer af aan ....."

3. As 'n pakket by sowel die oorspronklike as by die alternatiewe adres, indien een, verstrek word, onbestelbaar bly, en die afsender nie uitdruklik versoek het dat dit in dié geval prysgegee moet word nie, moet dit sonder kennisgewing vooraf en op sy koste aan hom teruggestuur word.

4. Parcels which cannot be delivered, returned to the sender, or otherwise disposed of, or which have been abandoned by the senders, shall not be sent back to the country of origin, but shall be dealt with in accordance with the regulations of the country of destination.

5. Any parcel, the addressee of which has left for a country to which postal parcels cannot be forwarded from the country of original destination, shall be dealt with as " undeliverable ".

ARTICLE 15.

Deterioration of Contents.

Where the deterioration or imminent corruption of the contents of a parcel is feared they may be sold immediately, without previous notice or judicial formality, for the benefit of the right party, or they may be disposed of in such other manner as provided for by the regulations of the country concerned.

ARTICLE 16.

Parcels Returned to Sender.

Parcels which have to be returned to the sender shall be entered in the parcel bill with the addition of the word " undeliverable " in the column for remarks. Charges due shall be recovered in a like manner to that prescribed for re-directed parcels in Article 13.

ARTICLE 17.

Return of Empty Receptacles.

Except where special arrangements exist for reciprocal use, empty receptacles must be returned to the administration to which they belong by the earliest convenient mail. No territorial or maritime transits are payable in respect of these returned " Empties " and they must, as far as possible, follow the route used on the forward journey.

ARTICLE 18.

Government Parcels.

Government parcels shall be subject in all respects to the conditions applicable to ordinary parcels.

ARTICLE 19.

Correspondence between Administrations.

In ordinary matters relating to the preparation, transmission or correction of parcel bills (which can be dealt with by means of verification notes), the offices of exchange shall be the offices of correspondence, but matters involving accounts, and questions other than those of detail, shall be settled in communication between the chief offices of the administrations concerned.

ARTICLE 20.

Settlement of Accounts.

Accounts based on the charges due in terms of Article 4 and the details reflected in the relative parcel bills shall be prepared at intervals and under conditions mutually agreed upon by the Administrations concerned. Settlement of the balances resulting shall also be effected by mutual arrangement.

ARTICLE 21.

Entry into Force of the Agreement.

This Agreement shall be considered as having come into force on the 1st January, 1954, and shall remain in force until terminated by either party giving to the other party notice in writing to terminate the same.

Executed in duplicate and signed at Pretoria this 30th day of October, 1953.

L. C. BURKE,

Postmaster-General of the Union of South Africa.

At Rome this 20th day of December, 1953.

ROMOLO DE CATERINI,

Director-General of Posts and Telecommunications, Italy.

4. Pakkette wat nie afgelewer, aan die afsender teruggestuur of op 'n ander wyse beskik kan word nie, of wat deur die afsenders prysgegee is, moet nie na die land van oorsprong teruggestuur word nie, dog ooreenkomstig die regulasies van die land van bestemming behandel word.

5. Wanneer die geadresseerde vertrek het na 'n land waarheen pospakkette nie van die oorspronklike land van bestemming gestuur kan word nie, moet die pakket as „ onbestelbaar " behandel word.

ARTIKEL 15.

Bederf van inhoud.

Wanneer daar gevrees word dat die inhoud van 'n pakket besig is of op die punt staan om te bederf, kan die inhoud onmiddellik sonder kennisgewing vooraf of regsformaliteit ten bate van die regte persoon verkoop word of op 'n ander wyse beskik word ooreenkomstig die regulasies van die betrokke land.

ARTIKEL 16.

Pakkette aan afsender teruggestuur.

Pakkette wat aan die afsender teruggestuur moet word, moet op die pakketlys ingeskryf word met die woord „ onbestelbaar " in die kolom vir opmerkings bygevoeg. Die verskuldigde koste moet verhaal word soos vir nagestuurde pakkette voorgeskryf in Artikel 13.

ARTIKEL 17.

Terugstuur van leë houers.

Behalwe waar spesiale reëlings vir wederkerige gebruik getref is, moet leë houers met die eerste beskikbare pos aan die administrasie waaraan hulle behoort, teruggestuur word. Geen land- of seedeursendingskoste is ten opsigte van hierdie teruggestuurde leë houers betaalbaar nie, en hulle moet, sover moontlik, teruggaan met dieselfde roete as dié waarlangs hulle gekom het.

ARTIKEL 18.

Goewermentspakkette.

Op Goewermentspakkette is in alle opsigte dieselfde voorwaardes van toepassing as op gewone pakkette.

ARTIKEL 19.

Briefwisseling tussen administrasies.

In gewone sake rakende die uitskryf, versending, of verbetering van pakketlyste (wat deur middel van bevestigingsbriewe afgehandel kan word), moet die wisselkantore die briefwisseling onderneem, maar briefwisseling in sake rekenings, of wat nie oor ondergeskikte besonderhede gaan nie, moet tussen die hoofkantore van die betrokke administrasies plaasvind.

ARTIKEL 20.

Vereffening van rekenings.

Met tussenpose en op voorwaardes waaroor deur die betrokke administrasies ooreengekom is, moet rekenings opgestel word volgens die bedrae wat ingevolge Artikel 4 verskuldig is en die besonderhede in die betrokke pakketlyste. Die balanse moet ook kragtens wedersydse reëling vereffen word.

ARTIKEL 21.

Inwerkingtreding van die Ooreenkoms.

Hierdie Ooreenkoms word geag op die 1ste dag van Januarie 1954 in werking te tree en bly van krag totdat dit beëindig word deur skriftelike kennisgewing deur die een party aan die ander.

In tweevoud verly en geteken te Pretoria, hede die 30ste dag van Oktober 1953.

L. C. BURKE,

Posmeester-generaal van die Unie van Suid-Afrika.

Te Rome, hede die 20ste dag van Desember 1953.

ROMOLO DE CATERINI,

Direkteur-generaal van Pos- en Telekommunikasie van Italië.

No. 936.] [28 June 1957.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, in terms of the provisions of section *two* of Act No. 22 of 1936, to approve of the reappointment of Dr. Samuel Henri Pellissier as Governor and Chairman of the Board of Governors of the South African Broadcasting Corporation for a further period of two years with effect from 1st August, 1957.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

No. 928.] [28 June 1957.

PROCLAMATION OF A BANTU RURAL VILLAGE SITUATE ON THE FARM METZ No. 165, DISTRICT OF LETABA, TRANSVAAL.

I, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister of Native Affairs, hereby proclaim, in terms of Proclamation No. 98 of 1953, the area of land described in the Schedule hereto as a rural village, in which the regulations contained in the said Proclamation, shall take effect and have the force of law.

H. F. VERWOERD,
Minister of Native Affairs.

Cape Town, 6th June, 1957.

SCHEDULE.

A piece of land on the farm Metz No. 165 situated in the district of Letaba in the province of Transvaal, measuring approximately 344 morgen and bounded as follows:—

Commencing from a point midstream in the Mudadeem River, which point is 304 Cape feet north-west of beacon A situated on the right bank of the said river; thence in a south-easterly direction for a distance of 8,224 Cape feet to beacon B; thence in a south-southwesterly direction for a distance of 652 Cape feet to a point midstream in the Rietspruit (also known as the Malumane River), which point is 90 Cape feet south-southwest of beacon C situated on the left bank of the Rietspruit; thence upstream along the centre of the Rietspruit to a point 352 Cape feet south-east of beacon D situated on the left bank of the river (beacon D is stuated 4,830 Cape feet west-south-west of beacon C and 50 Cape feet from the centre of the provincial road from Trichardtsdal); thence in a north-westerly direction for a distance of 4,794 Cape feet to a point midstream in the Mudadeem River, which point is 183 Cape feet north-west of beacon E situated on the right bank of the river; thence downstream along the centre of the Mudadeem river flowing in a general north-easterly direction to the point of commencement (beacon E is situated 50 Cape feet from the centre of the above-mentioned provincial road and 5,431 Cape feet south-west of beacon A).

The above-quoted distances are approximate.

Plan No. BD. 18 filed in the office of the Secretary for Native Affairs, shows the position of the above-mentioned boundaries.

The following are the co-ordinates in Cape feet based on the Gauss Conform System Lo 31°, of the beacons referred to in the above point-to-point description:—

Constants	+Y 150,000·0	+X 8,500,000·0	
A	24,036·7	17,619·0	Iron standard in concrete.
B	19,074·7	23,792·4	Iron standard in concrete.
C	19,291·0	24,311·0	Iron standard in concrete.
D	23,904·7	25,741·1	Iron standard in concrete.
E	26,573·2	22,421·1	Iron standard in concrete.

No. 936.] [28 Junie 1957.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om, kragtens artikel *twee* van Wet No. 22 van 1936, die heraanstelling, met ingang van 1 Augustus 1957 vir 'n verdere tydperk van twee jaar, van dr. Samuel Henri Pellissier as Bestuurder en Voorsitter van die Raad van Bestuurders van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie goed te keur.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

No. 928.] [28 Junie 1957.

PROKLAMERING VAN 'N LANDELIKE BANTOEDORP GELEË OP DIE PLAAS METZ No. 165, DISTRIK LETABA, TRANSVAAL.

Ek, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister van Naturellesake, proklameer hierby kragtens Proklamasie No. 98 van 1953 die grondgebied wat in die Bylae hiervan omskryf word, tot 'n landelike dorp waarin die regulasies wat in genoemde Proklamasie vervat is, van krag en regsgeldig is.

H. F. VERWOERD,
Minister van Naturellesake.

Kaapstad, 6 Junie 1957.

BYLAE.

'n Stuk grond op die plaas Metz No. 165 geleë in die distrik Letaba in die Provinsie Transvaal, naastenby 344 morg groot en as volg begrens:—

Begin by 'n punt in die middel van die Mudadeemrivier, naamlik 'n punt 304 Kaapse voet noordwes van baken A af wat op die regteroewer van genoemde rivier geleë is; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van 8,224 Kaapse voet tot by baken B; daarvandaan in 'n suid-suidwestelike rigting oor 'n afstand van 652 Kaapse voet tot by 'n punt in die middel van die Rietspruit (ook bekend as die Malumanirivier), naamlik 'n punt 90 Kaapse voet suid-suidwes van baken C af wat op die linkeroewer van die Rietspruit geleë is; daarvandaan in die middel van die Rietspruit op tot by 'n punt 352 Kaapse voet suid-oos van baken D af wat op die linkeroewer van die rivier geleë is (baken D is geleë 4,830 Kaapse voet wes-suidwes van baken C af en 50 Kaapse voet van die middel van die provinsiale pad van Trichardtsdal af); daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor 'n afstand van 4,794 Kaapse voet tot by 'n punt in die middel van die Mudadeemrivier, naamlik 'n punt 183 Kaapse voet noordwes van baken E af wat op die regteroewer van die rivier geleë is; daarvandaan in die middel van die Mudadeemrivier af wat in 'n algemeen noordoostelike rigting vloei tot by die beginpunt (baken E is geleë 5,431 Kaapse voet suidwes van baken A af en 50 Kaapse voet van die middel van bogenoemde provinsiale pad af).

Bogemelde afstande is by benadering vasgestel.

Plan No. BD. 18 wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word, dui die ligging van bogenoemde grense aan.

